



God het Adam in 'n diep slaap laat val. Toe het Hy een van Adam se ribbes uitgehaal terwyl hy geslaap het. God het 'n vrou uit Adam se ribbebeen gevorm. Die vrou wat God gemaak het, was presies reg om Adam se maat te wees.


19



God het dit alles op die sesde dag gemaak. Toe het Hy die sewende dag geseën en dit geheilig en dit 'n dag van rus gemaak. In die tuin van Eden het Adam en Eva in perfekte geluk gebly terwyl hulle gehoorsaam was aan God, hulle Heer, Versorger en Vriend.

20

Toe God alles gemaak het



Toe God alles gemaak het
 'n Storie uit God se woord, die Bybel,
 soos gevind in
 Genesis 1-2

"Die lees van die Woord gee lig."
 Psalms 119:130

Geskryf deur Edward Hughes
 Ge-illustreer Byron Unger; Lazarus

Vertaal deur Hannelie Niemandt
 Aangepas deur Bob Davies; Tammy S.

Storie 1 van 60

M1914.org

Bible for Children, PO Box 3, Winnipeg MB R3C 2G1 Canada

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk,
 maar u mag dit nie verkoop nie.

God weet ons het lelike dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood.

God het ons so lief gehad dat hy Sy Enigste seun, Jesus, gestuur het om aan 'n kruis te sterf om vir ons sondes te betaal. Jesus het lewendig geword en Hemel toe gegaan! Sodat God ons ons sondes kan vergewe.

As jy nou jou sondes vergewe wil he, se die volgende aan God: Liewe Jesus, ek glo dat U vir my gesterf het en weer opgestaan het. Kom asseblief in my lewe in en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, en eendag vir ewig saam met U kan lewe. Help my om vir U te lewe en U kind te kan wees. Amen. Johannes 3:16

Lees die Bybel en praat met God elke dag!

Afrikaans



Wie het ons gemaak? Die Bybel, God se Woord, vertel ons hoe die menslike lewe begin het. Lank gelede het God die eerste man gemaak en hom Adam genoem. God het Adam uit die stof van die aarde gemaak.


1



Toe God asem in Adam ingeblaas het, het Adam lewendig geword. Toe Adam lewendig geword het, was hy in die mooi tuin van Eden.


2

Voor God vir Adam gemaak het, het Hy eers die wêreld gemaak met al die wonderlike dinge daarin. Stap vir stap het God die berge gemaak, die woude, die blomme wat lekker ruik, en die groot bome, die mooi gekleurde voëls, die bye wat zoem, die walvisse en die slakke.




3

God het alles gemaak wat op die aarde is - ALLES!



4

Heel in die begin, voor God enige iets gemaak het, was daar niks nie, net God. Geen mense, geen dinge of plekke nie. Niks. Geen lig, net donkerte. Geen op of af, geen môre. Net God, wat geen begin of einde het nie, was daar. Toe het God besluit om iets te doen!




5

In die begin het God die hemel en die aarde gemaak.


6

Die aarde was woest en leeg. En daar was donkerte op die wêreldvloed. Toe het God gesê: "Laat daar lig wees."




7

En daar was lig. God het die lig dag genoem en die donkerte het Hy nag genoem. Dit was aand en môre, die eerste dag.



8

Op die tweede dag het God die waters van die oseane, see en mere op hulle plek op die aarde gesit. Op die derde dag het God gesê: "Laat die droë land verskyn." En dit het so gebeur.



9

God het ook die gras en die blomme en die struik en die bome beveel om te groei op die aarde. En dit was aand en môre, die derde dag.



10

Toe het God die son en die maan en die sterre, wat niemand kan tel nie, gemaak. En dit was aand en môre, die vierde dag.



11

Seediere en visse en voëls was volgende op die lys. Op die vyfde dag het Hy die die groot swaardvis, die klein sardientjies en die lang-been volstruis gemaak en ook die suikerbekkies. God het elke soort vis en voël gemaak.



12

Daarna het God gesê: "Laat die aarde vol lewendige diere word..." Alle soorte diere, insekte, reptiele, olifante, bewers, apies en krokodille is gemaak. God het ook die wurms, die nagapies, kameelperde, katte en honde en elke soort dier waaraan jy kan dink, op daardie dag gemaak.



13

Dit was aand en môre, die sesde dag.



14

God het iets anders ook op die sesde dag gemaak, iets baie spesiaal. Alles was nou gereed vir die mens. Daar was kos in die veld en diere wat die mens kon dien. God het gesê: "Kom ons maak 'n mens na ons beeld, sodat hy kan heers oor alles wat op die aarde is." EN GOD HET DIE MENS GESKAP NA SY BEELD; NA DIE BEELD VAN GOD HET HY HOM GESKAP.



15

God het vir Adam gesê. "Jy kan van alles in die tuin eet. Maar jy mag nie van die boom van kennis van goed en kwaad eet nie. Want as jy van daardie boom eet, sal jy sekerlik doodgaan."



16

En God het gesê: "Dit is nie goed vir die mens om alleen te wees nie. Ek sal vir hom 'n maat maak wat by hom pas." God het al die voëls en die diere na Adam gebring. Adam het vir hulle almal name gegee.



17

Hy moes baie slim gewees het om dit te kon doen. Maar tussen al die diere was daar nie een wat reg was vir Adam vir 'n maat nie.



18